


Deur President Thomas S. Monson

# Liefde—die Essensie van die Evangelie

*Ons kan nie waarlik lief wees vir God as ons nie ons mede reisegers in dié menslike rys lief het nie.*

My geliefde broeders en susters, toe ons Verlosser tussen mense bedien het, was Hy deur die navraende prokureer gevra, "Meester, wat is die groot gebod in die wet"?

Matthéüs het gedokumenteer dat Jesus antwoord:

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.

"Dit is die eerste en groot gebod.

"En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."[1]

Markus sluit die verslag met die Verlosser se verklaring: "Daar is geen ander gebod groter as dié nie."[2]

Ons kan nie waarlik lief wees vir God as ons nie ons mede reisegers in dié menslike rys lief het nie. Eweneens, kan ons nie ons mede mens ten volle lief hê as ons nie God, die Vader van ons almal, lief het nie. Die Apostel Johannes vertel ons, "En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê."[3] Ons is almal geestes kinders van ons Hemelse Vader en dus is ons broers en susters. Soos ons hierdie waarheid onthou, sal dit maklikker wees om al God se kinders lief te hê.

Eintlik is liefde die essensie van die evangelie en Jesus Christus is ons voorveeld. Sy lewe was 'n legende van liefde. Hy het die siekes genees; Hy het die verstraptes opgelig; Hy het die sondaar gered. In die einde het die woedende skare Sy lewe geneem. Maar tog lui daar vanaf die berg Golgota die woorde: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."[4]— 'n kronende uitdrukking in Sterftelikheid van deernis en liefde.

Daar is baie eienskappe wat manifestasies is van liefdie, soos teerheid, geduld, onselfsugtigheid, begrip en vergifnis. In al ons assosiasies, sal dié en ander soortgelyke eienskappe help om die liefde in ons harte duidelik te maak.

Gewoonlik sal ons liefde gewys word in ons daaglikse interaksies met mekaar. Die belangrikste sal ons vermoë wees om ander se behoeftes te herken en om dan daarop te reageer. Ek het nog altyd die sentiment gekoester wat uitgedruk word in die kort gedig:

*Ek het gehuil in die aand*
*Oor die tekort aan sig*
*Wat my blind maak aan die behoeftes van iemand;*
*Maar ek het nog nooit*
*'n Gryntjie spyt gevoel*
*Deur om te vriendelik te wees nie.*[5]

Ek is onlangs bewus gemaak van 'n hartroerende voorbeeld van liefdevolle teerheid—een wat onvoorsiene gevolge gehad het. Die jaar was 1933, toe as gevolg van die Groot Depressie, werksgeleenthede baie skaars was. Die plek was die oostelikke deel van die Vereenigde State. Arlene Biesecker het net gematrikuleer van Hoërskool. Na 'n lang soektog na werk, kon sy uiteindelik werk bekom by 'n klere fabriek as 'n Naaldwerkster. Die Fabriek se werkers was net betaal vir afgehandelde stukke wat elke dag korrek saam gewerk is. Hoe meer stukke hulle geproduseer het, hoe meer was hulle betaal.

Een dag, 'n kort tydjie nadat sy by die fabriek begin het, het Arlene 'n prosedure in die gesig gestaar wat haar verwar en frustreer het. Sy het by haar naaldwerk masjien gesit en probeer om haar onsuksesvolle poging los te trek om die stuk waaraan sy werk te voltooi. Dit het gelyk of daar niemand was om haar te help nie, want al die ander naaldwerksters was besig om te jaag om so veel stukke te voltooi as wat hulle kon. Arlene het hulpeloos en hopeloos gevoel. Stilletjies het sy begin huil.

Oorkant Arlene het Bernice Rock gesit. Sy was ouer en het meer ondervinding gehad as ŉ naaldwerkster. Toe sy Arlene se angs opmerk, het Bernice haar eie werk laat staan en na Arlene gegaan en haar vriendelike hulp en instruksie gegee. Sy het gebly totdat Arlene weer met selfvertroue in staat was om die stuk te voltooi. Bernice het toe terug gegaan na haar eie masjien, die geleentheid om so veel stukke as moontlik te voltooi daar mee heen, het sy nie gehelp nie.

Met hierdie een daad van liefdevolle teerheid, het Bernice en Arlene lewenslange vriende geword. Elkeen van hulle het uiteindelik getrou en het kinders gehad. Iewers in die 1950's, het Bernice, wat ŉ lid van die kerk was, vir Arlene en haar familie ŉ Boek van Mormon gegee. In 1960 was Arlene, haar Man en kinders gedoop as lede van die Kerk. Later is hulle geseël in die heilige tempel van God.

As ŉ gevolg van die deernis wat gewys is deur Bernice toe sy uit haar pad gegaan het om iemand te help wat sy nie geken het nie, maar wat in nood was en wat hulp nodig gehad het, geniet ontelbare individue lewend en dood die saligmakende ordinansies van die evangelie.

Elke dag van ons lewens word ons geleenthede gegee om ons liefde en teerheid te wys aan die diegene om ons. President Spencer W. Kimball het gesê : "Ons moet onthou dat die sterflinge wat ons ontmoet in parkeer areas, kantore, hysbakke en in ander plekke, die deel van die mensdom is wat God ons gegee het om lief te hê en te dien. Dit sal ons nie baie goed doen om oor die algemene broederskap van die mensdom te praat, as ons nie diegene wat om ons as ons broeders en susters ag nie.[6]

Ons geleenthede om ons liefde te wys kom gereeld onverwags. ŉ Voorbeeld van so ŉ geleentheid het in ŉ koerant artikel verskyn in Oktober 1981. Ek was so beïndruk met die liefde en deernis waarna verwys word in hierdie artikel, dat ek ŉ uitknipsel daarvan al vir meer as 30 jaar in my leêrs hou.

Die artikel wys aan dat ŉ Alaskaanse lugredery deurlopende vlug vanaf Anchorage Alaska, na Seattle Washington— ŉ vlug wat 150 passasiers gedra het—afgelei is na ŉ afgeleë Alaskaanse dorpie om ŉ ernstige beseerde kind te vervoer. Die twee jarige seuntjie het ŉ slagaar afgesny in sy arm toe hy op ŉ stuk glas geval het, terwyl hy naby sy huis gespeel het. Die dorpie was 450 myl (725 km) suid van Anchorage en was sekerlik nie op die vlug pad nie. Maar, mediese personeel op die toneel het dringend gevra vir hulp, en so was die vlug afgelei om die kind op te tel en hom na Seattle te vat, sodat hy in die Hospitaal behandel kon word.

Toe die vlug geland het naby die afgeleë dorpie, het mediese personeel die vlieënier ingelig dat die seuntjie so erg bloei dat hy nie die vlug Seattle toe sal oorleef nie. ŉ Besluit was gemaak om nog 200 myl (320 km) uit die pad uit te vlieg na Juneau, Alaska, die naaste Stad met ŉ hospitaal.

Nadat die seun na Juneau vervoer is, was die vlug weer oppad na Seattle, nou ure agter skedule. Nie een passasier het gekla nie, al sou meeste van hulle afsprake en aansluitingsvlugte mis. Die feit is, soos die minute en ure verby gegaan het, het hulle ŉ kolekte gehou en ŉ aansienlike bedrag vir die seun en sy familie ingesamel.

Soos die vlug amper in die proses was om in Seattle te land, het die passasiere gejuig toe die vlieënier aan kondig dat hy per radio ingelig is dat die seun piekfyn gaan wees.[7]

In my gedagtes kom die woorde van die skriftuur: "Maar naasteliefde is die suiwere liefde van Christus, . . .en wie ook al gevind word wat dit besit in die laaste dag, dit sal goed gaan met hom."[8]

Broeders en susters, van ons grootste geleenthede om ons liefde te demonstreer, sal tussen die mure van ons eie huise wees. Liefde is veronderstel om die hart van familie lewe te wees, en tog is dit somtyds nie. Daar kan te veel ongedult, te veel stry, te veel gevegte, te veel trane wees. President Gordon B. Hinckley het dié klaaglied gehad: "hoekom is dit, dat diegene wat ons die meeste lief het, dikwels die teiken is vir ons harde woorde? Hoekom is dit dat ons soms praat soos met messe wat tot die been sny?"[9] Die antwoorde tot die vrae mag verskillend wees vir elk van ons, en tog maak die redes nie saak nie. As ons die gebod om mekaar lief te hê wil gehoorsaam, moet ons ander met teerheid en respek behandel.

Natuurlik sal daar tye wees wanneer dissipline afgedwing moet word. Laat ons nietemin die raad gevind in die Leer en Verbode— onthou, wanneer dit nodig is om iemand te berispe, dat ons daarna ŉ verhoogde liefde aan die persoon wys.[10]

Ek sal hoop dat ons strewe om altyd bedagsaam te wees en dat ons sensatief sal wees teenoor die gedagtes en gevoelens en omstandighede van diegene om ons. Laat ons nie verneder of verkleineer nie. Laat ons eerder barmhartig en bemoedigend wees. Ons moet versigtig wees dat ons nie ander se vertroue vernietig deur sorgelose woorde of aksies nie.

Vergifnis is veronderstel om hand aan hand te gaan met liefde. In ons families, asook met ons vriende, kan daar seergemaakte gevoelens en verskille wees. Weereens, maak dit nie regtig saak hoe klein die kwessie was nie Dit kan en behoort nie gelos te word om te kanker, te sweer en uiteindelik te vernietig nie. Blaam hou wonde oop. Net vergifnis genees.

ŉ Pragtige dame wat sedertdien gesterf het, het een dag by my gekuier en het onverwags sommige dinge waaroor sy spyt was vir my vertel. Sy het gepraat oor ŉ voorval wat baie jare vroeër plaasgevind het en waarby ŉ naburige boer betrokke was, eens ŉ goeie vriend maar met wie sy en haar man baie verskille gehad het. Een dag het die boer gevra of hy kortpad kan vat deur haar eiendom om sy eie eiendom te bereik.

Op die punt het sy gebreek in haar verhaal aan my en met ŉ bewing in haar stem gesê, "Broeder Monson, ek het hom nie toe of ooit toegelaat om my eiendom oor te steek nie, maar het van hom verwag om die lang pad te voet te vat om sy eiendom te beryk. Ek was verkeerd en ek berou dit. Hy is al weg, maar ai, ek wens ek kon vir hom sê, 'Ek is jammer.' Ek wens dat ek ŉ tweede kans kon hê om vriendelik te wees."

Soos ek vir haar geluister het, het daar tot my gedagtes die droewigge waarneming van John Greenleaf Whittier gekom: "Van al die hartseer woorde van die tong of pen, die hartseerste is dié: '*Dit kon gewees het!*' "[11] Broeders en susters, soos ons ander met liefde en vriendelikke oorweging behandel, sal ons sulke spyt vermei.

Liefde word uitgedruk in baie herkenbare wyses: ŉ glimlag, ŉ wuif, ŉ vriendelike aanmerking, ŉ kompliment. Ander uitdrukkings kan dalk meer subtiel wees, soos om belangstelling te wys in ander se aktiwiteite, om ŉ beginsel met teerheid en gedulk aan iemand te leer, om vir iemand te kuier wat siek of huisblyend is. Hierdie woorde en aksies en vele meer kan liefde kommunikeer.

Dale Carnegie, ŉ bekende Amerikaanse skrywer en dosent, het geglo dat elke persoon in hom of haar "die krag het om die som totaal van die wêreld se geluk te vermeerder . . .deur om woorde van opregte waardering aan iemand te gee wat eensaam of moedeloos is." Hy het gesê, "Miskien sal jy môre die vriendelike woorde vergeet wat jy vandag gesê het, maar die ontvanger mag hulle lewenslank koester.[12]

Mag ons nou begin, hierdie einste dag, om liefde aan al God se kinders te wys, of hulle ons familie lede, ons vriende, blote kennisse, of totale vreemdelinge is. Soos ons elke oggend opstaan, laat ons besluit om met liefde en teerheid te reageer op wat ook al oor ons pad mag kom.

Buite ons begrip, my broeders en susters, is die liefde van God vir ons. As ŉ gevolg van dié liefde, het Hy Sy Seun gestuur, wat ons genoeg lief gehad het om Sy lewe vir ons te gee, sodat ons ewige lewe mag hê. Soos wat ons hierdie onvergelykbare geskenk begin verstaan, sal ons harte met liefde gevul word vir ons Ewige Vader, vir ons Redder en vir die hele mensdom. Dat dit so sal wees is my ernstige gebed in die naam van Jesus Christus, amen.

**NOTAS**


1. Matthéüs 22:36–39.
2. Markus 12:31.
3. 1 Johannes 4:21.
4. Lukas 23:34.
5. Onbekende skrywer, in Richard L. Evans, "Die Eienskap van Teerheid," *Improvement Era,* Mei 1960, 340.
6. *Die Leerstellinge van Spencer W. Kimball,* ed. Edward L. Kimball (1982), 483.
7. Sien "Beseerde Seun Gevlieg na Veiligheid,"*Daaglikse Sitka Sentinel* (Alaska), Okt. 22, 1981.
8. Moroni 7:47.
9. Gordon B. Hinckley, "Laat Liefde die Poolster van Jou Lewe wees," *Ensign,* Mei 1989, 67.
10. Sien Leer en Verbonde 121:43.
11. "Maud Muller," in *Die Volledige Digterlikke Werke van John Greenleaf Whittier* (1878), 206; klem bygevoeg.
12. Dale Carnegie, in, byvoorbeeld, Larry Chang, *Wysheid vir die Siel* (2006), 54.

## Leerstellings van Ons Tyd

Vanaf Mei 2014 tot Oktober 2014, moet die Melgisédekse Priesterskap en Verligtings Vereeniging lesse op ŉ vierde Sondag voorberei word uit een van die praatjies wat gegee is in die April 2014 Algemene konferensie. In Oktober 2014 kan praatjies uit die April 2014 of Oktober 2014 algemene konferensie gekies word Ring en distrik presidente behoort die praatjies te kies wat in hulle areas gebruik sal word, of hulle kan die verantwoordelikheid afvaardig aan die biskoppe en tak presidente

Die praatjies is in baie tale beskikbaar by conference.lds.org.

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/13. Vertalings goedkeuring: 6/13
Vertaling van *First Presidency Message, May 2014*. Afrikaans. 10865 501



**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Kanselier in die Eerste Presidensie

# ’n Onskatbare Erfenis van Hoop

*Wanneer jy kies of jy ’n verbond met God gaan maak of onderhou, kies jy of jy ’n erfenis van hoop gaan agterlaat vir die wat dalk jou voorbeeld sal volg.*

My dierbare broeders en susters, van julle is uit genooi na die vergadering deur sendelinge van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste-Dae. Dié sendelinge mag jou dalk al gevra het om ’n verbond met God te maak deur om gedoop te word.

Ander van julle luister omdat julle ’n uitnodiging van jul ouers aanvaar het, van jou vrou of miskien van ’n kind, wat aan jou uitgeryk is met die hoop dat jy die verbonde wat jy al klaar met God gemaak het, weer die middelpunt van jou lewe sal maak. Van julle wat luister het al klaar die keuse gemaak om terug te keer en om die Redder te volg en voel vandag die blydskap van Sy verwelkoming.

Wie jy ook al is en waar jy ook al mag wees, hou jy in jou hande die blydskap van meer mense as wat jy ooit aan kan dink. Elke dag en elke uur kan jy kies om verbonde te maak en te onderhou met God.

Waar jy ook al op die pad is om die geskenk van ewige lewe te erf, het jy die geleentheid om tale mense die pad na groter geluk te wys. Wanneer jy kies of jy ’n verbond met God gaan maak of onderhou, kies jy of jy ’n erfenis van hoop gaan agterlaat vir die wat dalk jou voorbeeld sal volg.

Jy en ek is geseën met die belofte van so ’n erfenis. Ek skuld baie van my geluk aan ’n man wat ek nooit in die sterflike lewe ontmoet het nie. Hy was ’n weeskind wat later my oupa grootjie geword het. Hy het aan my ’n onskatbare erfenis van hoop gelos. Laat ek jou vertel van die deel wat hy in die skepping van hierdie erfenis van my gespeel het.

Sy naam was Heinrich Eyring. Hy was in groot rykdom gebore. Sy Vader, Edward, het ’n groot landgoed in Coburg gehad, in wat nou Duitsland is. Sy moeder was die Gravin Charlotte Von Blomberg. Haar vader was die bewaarder van die lande van die koning van Pruise.

Heinrich was Charlotte en Edward se eerste seun. Charlotte het op die ouderdom van 31 gesterf, na die geboorte van haar derde kind. Edward is kort daarna oorlede, nadat hy al sy eiendom en rykdom verloor het in ’n mislukte belegging. Hy was net 40 jaar oud. Hy het drie weeskinders agter gelaat.

Heinrich, my oupa grootjie, het albei sy ouers en ’n groot aardse erfenis verloor. Hy was brandarm. Hy het in sy geskiedenis aangeteken dat hy gevoel het dat sy beste hoop in Amerika gelê het. Alhoewel hy nie familie of vriende daar gehad het nie, het hy ’n gevoel van hoop oor Amerika toe gaan gehad. Hy het eerste na New York Stad toe gegaan. Later het hy na St. Louis, Missouri verhuis.

In St. Louis was een van sy mede-werkers ’n Heilige van die Laaste-dae. Van hom het hy ’n kopie van ’n pamflet bekom geskryf deur Ouderling Parley P. Pratt. Hy het dit gelees en het elke woord wat hy oor die Heiliges van die Laaste-dae kon kry bestudeer. Hy het gebid om uit te vind of daar regtig engele was wat aan mans verskyn het, of daar ’n lewende profeet was en of hy die ware en geopenbare geloof gevind het.

Na twee maande se versigtige studie en gebed, het Heinrich ’n droom gehad waarin hy vertel is dat hy gedoop moet word. ’n Man wie se naam en priesterskap hy in heilige geheue hou, Ouderling William Brown, moes die ordinansie uitvoer. Heinrich was gedoop in ’n poel reënwater op die 11 Maart, 1855, om 7:30 in die oggend.

Ek glo dat Heinrich Eyring het toe geweet het dat wat ek julle vandag leer, waar is. Hy het geweet dat die

geluk van die ewige lewe deur die bande van families, wat verewig aanhou, kom. Al het hy so onlangs die Here se plan van geluk gevind, het hy geweet dat sy hoop vir ewige vreugde afgehang het van die vrye keuses van ander om hom te volg. Sy hoop van ewige geluk het afgehang van mense wat nog nie gebore was nie.

As deel van ons familie se erfenis van hoop, het hy ŉ geskiedenis aan sy afstammelinge agter gelaat.

In daardie geskiedenis kan ek sy liefde vir die wat hom sal volg aanvoel. In sy woorde kan ek sy hoop aanvoel dat sy afstammelinge mag kies om hom te volg op die pad terug na ons hemelse huis. Hy het geweet dat dit nie net een groot keuse sal wees om dit te doen nie, maar baie klein keuses. Ek haal aan uit sy geskiedenis:

"Van die tyd toe ek ouderling Andrus eerste hoor praat het . . .het ek altyd die vergaderings van die Heiliges van die Laaste-dae bygewoon en die gevalle is inderdaad baie raar, wat ek versuim het om na die vergaderings te gaan en dit was ter selfde tyd my plig om dit te doen.

"Ek noem dit in my geskiedenis sodat my kinders my voorbeeld sal naboots en dit nooit . . . die belangrike plig sal versuim om saam met die Heiliges te vergaarder nie.[1]

Heinrich het geweet dat dit in sakrament vergaderings was waar ons ons beloftes kon hernu om altyd die Redder te onthou en om Sy Gees met ons te hê.

Dit was die Gees wat hom onderhou het op die sending waarna hy geroep is, net ŉ paar maande nadat hy die doop gebod aanvaar het. Hy het as sy erfenis die voorbeeld gelos van lojaal bly aan sy sending vir 6 jaar in wat toe die Indiaanse Gebiede genoem was. Om sy vrylating van sy sending te ontvang, het hy vanaf Oklahoma na Salt Lake City geloop, ŉ afstand van ongeveer 1100 myl (1770 km).

Kort daarna was hy deur die profeet van God geroep om na Suid-Utah te verhuis. Van daar af het hy nog ŉ roeping beantwoord om ŉ sending te dien in sy vaderland, Duitsland. Hy het toe die uitnodiging van ŉ Apostel van die Here Jesus Christus aanvaar om die Heiliges van die Laaste-dae se kolonies op te bou in noord Mexiko. Van daar af was hy weer geroep as ŉ voltydse sendeling in Mexiko Stad. Hy het daardie roepinge ook vereer. Hy lê in ŉ klein begrafplaas in Colonia Juárez, Chihuahua, Mexiko.

Ek noem hierdie feite nie omdat ek vir hom glorie wil eis nie, ook nie vir wat hy gedoen het nie en nie vir sy afstammelinge nie. Ek noem hierdie feite omdat ek hom wil eer vir die voorbeeld van geloof en hoop wat in sy hart was.

Hy het die roepinge aanvaar deur sy geloof dat die opgewekte Christus en ons Hemelse Vader aan Joseph Smith in ŉ laning bome in die staat New York verskyn het. Hy het hulle aanvaar omdat hy geloof gehad het dat die priesterskap sleutels in die Here se Kerk gerestoureer is met die krag om families verewig aan mekaar te seël, as hulle net die geloof het om hulle verbonde na te kom.

Soos Heinrich Eyring, my voorvader, mag jy die eerste in jou familie wees om die pad na die ewige lewe aan te wys op die pad van heilige verbonde wat gemaak en vervul word met ywer en geloof. Elke verbond bring saam met hom pligte en beloftes. Vir almal van ons, soos hulle vir Heinrich was, is hierdie pligte soms eenvoudig maar is dikwels moeilik. Maar onthou, hierdie pligte moet soms moeilik wees want hulle doel is om ons teen die pad af te laat beweeg om saam met Hemelse Vader en sy Geliefde Seun, Jesus Christus, in families te leef.

Jy onthou die woorde in die boek van Abraham:

"En daar staan een tussen hulle wat soos God was, en Hy sê vir diegene saam met Hom: Ons sal af gaan, want daar is spasie daar, en ons sal van hierdie materiaal neem, en ons sal ŉ aarde maak waarop hulle mag wandel;

". . .Ons sal hulle hiermee beproef," het die Here gesê, "om te sien of hulle al die dinge sal doen wat die Here hulle God hulle ook al mag beveel."

"En vir hulle wat hulle eerste staat behou, sal toegevoeg word, en hulle wat nie hulle eerste staat behou nie, sal nie heerlikheid hê in dieselfde koninkryk met diegene wat hulle eerste staat behou nie; en vir hulle wat hul tweede staat behou, sal heerlikheid op hulle hoofde toegevoeg word tot in ewigheid."[2]

Om ons tweede staat te behou hang af of ons verbonde met God maak en of ons gelowig die pligte wat hulle van ons eis uitvoer. Dit verg geloof in Jesus Christus as ons Redder om heilige verbonde vir ŉ leeftyd te vervul.

Omdat Adam en Eva geval het, het ons versoeking, beproewing en die dood as ons universele erfenis. Nietemin, het ons Hemelse Vader ons die geskenk van Sy Geliefde Seun, Jesus Christus, gegee as ons Redder. Die groot geskenke en seëning van die Versoening van Jesus Christus bring ŉ universele erfenis te weeg: die belofte van die Opstanding en die moontlikheid van ewige lewe aan almal wat gebore is.

Die belangrikste van al die seëninge van God, ewige lewe, sal na ons kom net as ons verbonde maak wat aangebied word in die ware Kerk van Jesus Christus deur Sy gemagtigde dienaars. Deur die sondeval, het ons almal die reinigende effekte van die doop nodig en die oplegging van hande vir die gawe van die Heilige Gees. Hierdie ordinansies moet gedoen word deur diegene wat die korrekte priesterskap owerheid besit. Dan, met die hulp van die Lig van Christus en die Heilige Gees, kan ons al die verbonde wat ons met God maak vervul, veral die wat aangebied word in Sy tempels. Net in hierdie manier en met hierdie hulp, kan enige iemand sy of haar regmatige erfenis as ŉ kind van God in ŉ familie vir ewig eis.

Vir sommige wat na my luister, mag dit na 'n amper hopelose droom lyk.

Jy het al getroue ouers se hartseer gesien oor kinders wat verbonde met God verwerp of verbreek het. Maar hierdie ouers kan moed en hoop uit ander ouers se ervarings neem.

Alma en Koning Mosia se seuns het terug gekeer van hewige rebellie teen die verbonde en gebooie van God. Alma die Jonger het gesien hoe sy seun Corianton weg draai vanaf gruwe sonde tot getroue diens. In die Boek van Mormon is die wonderwerk van die Lamaniete aangeteken wat tradisies van haat vir geregtigheid een kant gesit het om 'n verbond te maak om dood te gaan om vrede te handhaaf.

'n Engel is gestuur na die jong Alma en die seuns van Mosia. Die engel het gekom as gevolg van die geloof en gebede van hul vaders en die mense van God. Uit die voorbeelde van die krag van die Versoening wat in die harte van mense werk, kan jy moed en troos ontvang.

Die Here het aan ons almal die bron van hoop gegee soos ons sukkel om ons geliefdes te help om hul ewige erfenis te aanvaar. Hy het beloftes aan ons gemaak soos ons aanhou probeer om mense na Hom te bring, al weerstaan hulle Sy uitnodiging om dit te doen. Hulle weerstand maak Hom hartseer, maar Hy gee nie op nie en ons moet ook nie. Hy het die perfekte voorbeeld vir ons gestel met Sy aanhoudende liefde: "En weer, hoe dikwels wou Ek julle bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens bymekaarmaak onder haar vlerke, ja, o julle volk van die huis van Israel, wat geval het; ja, o julle volk van die huis van Israel, julle wat in Jerusalem woon, sowel as julle wat geval het; ja, hoe dikwels wou Ek julle bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens bymekaarmaak, en julle wou nie."[3]

Ons kan staat maak op dié onfeilbare begeerte van ons Verlosser om al Hemelse Vader se geestes kinders saam met Hom huis toe te neem. Elke getroue ouer, grootouer en groot-grootouer deel hierdie begeerte. Hemelse Vader en die Verlosser is ons perfekte voorbeelde van wat ons kan en moet doen. Hulle sal nooit geregtigheid op ons afdwing nie, want geregtigheid moet gekies word. Hulle maak geregtigheid waarneembaar vir ons, en Hulle laat ons sien dat sy vrugte heerlik is.

Elke persoon wat gebore word in die wêreld ontvang die Lig van Christus, wat ons help om te sien en voel wat reg en verkeerd is. God het menslike dienaars gestuur wat ons, deur die Heilige Gees, kan help om te herken wat Hy wil hê ons moet doen en wat Hy verbied. Good maak dit aantreklik om geregtigheid te kies deur ons die effekte van ons keuses te laat voel. As ons geregtigheid kies, sal ons geluk vind—met tyd. As ons ongeregtigheid kies, kom daar smart en spyt—met tyd. Hierdie effekte is verseker. Maar tog word hulle soms vertraag vir 'n rede. As die seëninge onmiddelik was, sou om geregtigheid te kies nie geloof gebou het nie. En omdat smart ook soms grootliks vertraag is, vat dit geloof om die behoefte te voel om vergifnis te soek vir ons sondes vroeër eerder as om te wag tot ons die droewige en pynvolle effekte voel.

Vader Lehi het smart gevoel oor die keuses wat deur van sy seuns en familie gemaak was. He was 'n wonderlike en goeie man—'n profeet van God. Hy het gereeld aan hulle getuig van ons Verlosser Jesus Christus. Hy was 'n voorbeeld van gehoorsaamheid en diens toe die Here hom geroep het om al sy aardse besittings agter te laat om sy familie van vernieteging te red. Aan die einde van sy lewe, het hy nogsteeds aan sy kinders getuig. Soos die Verlosser—en ten spyte van sy vermoë om hulle harte te ken en om in die toekoms te sien beide hartseer en goed—het Lehi sy arms uitgestrek gehou om sy familie na saligheid te trek.

Vandag regverdig miljoene van die afstammelinge van Vader Lehi sy hoop vir hulle.

Wat kan ek en jy doen om van Lehi se voorbeeld te leer? Ons kan uit sy voorbeeld leer deur om biddend die skrifture te studeer en deur waarneming.

Ek stel voor dat jy 'n lang en kort termyn perspektief het soos jy probeer om jou familie 'n erfenis van hoop te gee. In die kort termyn, sal daar probleme wees en Satan sal brul. En daar is dinge om voor geduldig te wag, met geloof, met die wete dat die Here dinge in Sy eie tyd en op Sy eie manier doen.

Daar is dinge wat jy vroeg kan doen, wanneer die waarvoor jy lief is, jonk is. Onthou dat daaglikse familie gebed, familie skriftuur studie en die deel van ons getuienis in sakrament vergaderings, maklikker is en meer effektief is wanneer kinders jonk is. Jong kinders is dikwels meer sensitief vir die Gees as wat ons besef.

Wanneer hulle ouer is, sal hulle die gesange onthou wat hulle saam met jou gesing het. Meer as die herroeping van musiek, sal hulle die woorde van skrifture en getuienis onthou. Die Heilige Gees kan hulle herinner van alle dinge, maar die woorde van die skrifture en gesange sal die langste hou. Hierdie herinneringe sal 'n aantrekkingskrag op hulle uitoefen wat hulle sal terug bring as hulle vir 'n tyd wegdwaal, moontlik vir jare, van die pad huis toe na ewige lewe.

Ons sal die langtermyn perspektief nodig hê, wanneer diegene waarvoor ons lief is die aantrekkingskrag van die wêreld voel en dit lyk asof die wolk van twyfel hulle oorweldig. Ons het geloof, hoop, en naasteliefde om ons te lei en om hulle te versterk.

Ek het dit gesien as 'n kanselier tot twee lewende profete van God. Hulle is individuë met unieke persoonlikhede. Tog kom dit voor dat hulle 'n konstante optimisme deel. Wanneer iemand 'n alarm oor iets in die Kerk laat afgaan, is dít hulle mees gereeldste reaksie: "O, dinge sal uitwerk." Hulle weet oor die algemeen meer oor die probleem as die mense wat die alarm klink.

Hulle ken ook die weg van die Here, en so is hulle altyd vol hoop oor Sy koninkryk. Hulle weet Hy is aan die stuur. Hy is almagtig en Hy gee om. As jy Hom toelaat om die leier van jou familie te wees, sal dinge uitwerk.

Somige van Heinrich Eyring se afstammelinge het gelyk asof hulle wandel. Maar menigte van sy groot-groot kleinkinders gaan om 6:00 smorrens na tempels van God om ordinansies uit te voer vir voorouers wat hulle nog nooit ontmoet het nie. Hulle gaan as gevolg van die erfenis van hoop wat hy agter gelaat het. Hy het 'n erfenis agter gelaat wat deur baie van sy afstammelinge geëis word.

Na alles wat ons in geloof kan doen, sal die Here ons hoop vir groter seëninge vir ons families regverdig. Hy wil die beste hê vir hulle en vir ons, as Sy kinders.

Ons is almal kinders van 'n lewende God. Jesus van Nasaret is Sy Geliefde Seun en ons opgestaande Redder. Dit is Sy kerk. In dit is die sluitels van die priesterskap, en so kan families vir ewig saam wees. Dit is ons onskatbare erfenis van hoop. Ek getuig dat dit waar is in die naam die Here Jesus Christus, amen.

**NOTAS**

1. Sien Henry Eyring herinneringe, 1896, tikwerk, Kerk Geskiedenis Biblioteek, 16–21.
2. Abraham 3:24–26.
3. 3 Nefi 10:5.

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/13. Vertalings goedkeuring: 6/13
Vertaling van *Visiting Teaching Message, May 2014*. Afrikaans. 10865 501